**Woensdag 17 Mei**
**Skrifgedeelte: Maleagi 2:7-16**
**Fokusgedeelte: Maleagi 2:15, 16**
**Egskeiding moet nooit deel wees van ’n Christen se denke nie**

Die Babiloniese ballingskap was die tragiese gevolg van die feit dat Jakob se nageslag God nie meer reg geken het nie. Daarom het hulle Hom ook nie reg gedien nie. Formalisme was aan die orde van die dag. En nou – ná die terugker uit Babilon – was onkunde en formalisme wéér deel van die volk se lewe.

Die priesters het nie meer met kennis gepraat nie. Hulle het baie tot ’n val gebring omdat hulle die volk nie geleer het om volgens God se wil te lewe nie. Die vertikale verhouding met God was versteur, en daarom het die horisontale verhouding met die medemens ook in duie gestort.

Selfs binne die huwelik, wat die fondament van die hele samelewing is, het man en vrou nie meer geweet hoe hulle die Here moet dien nie. Omdat die altaar as middelpunt en beheersentrum verlore gegaan het, was die volk sy morele kompas kwyt. Kinders is nie deur die ouers in die vrees van die Here onderrig nie. Hulle het nie deur woord en voorbeeld geleer hoe hulle as gelowiges moet optree nie, en daarom het die hele samelewing gesteier.

Droewe woorde word deur Maleagi gebruik om die verhoudinge tussen mans en vroue te beskryf: ontrou, ontwy, huwelike met ongelowiges. Uiteindelik gebruik Maleagi in vers 16 die woord “haat” om die Here se afkeer van egskeiding te beskryf. Hy HAAT dit, want dit is niks minder as geweld nie. ’n Uiterste voorbeeld dus van die verwerping van God se liefdesgebod!

Dink daaraan dat Jesus Christus ook die sewende gebod vir jou deur sy sterwe en opstanding vervul (“vol gemaak”) het. Om dus nogtans egbreuk te pleeg, is nie net geweldpleging teenoor almal wat daarby betrokke is nie. Dit is ten diepste ’n lewensgevaarlike verwerping van Jesus Christus se koningskap oor jou lewe!

*Sing: Psalm 119-1:1, 4*

*Ds. JJ Cloete (Koos) (emeritus)*